

# Die Christelike geloof en die opstanding.

Teks: Markus 12: 18 - 27 & Sondag 17  
Teksvers: Markus 12: 24

## 1. Inleiding

In vanoggend se leerdiens fokus ons op die opstanding. Die opstanding is een die oudste en gewildste leerstellings in die Christelike geloof. En ook vir ons vandag is dit ondenkbaar dat enige gelowige dit kan ontken. Want soos Paulus sê, sonder die opstanding is ons as Christen gelowiges net bejammerenswaardig.

Maar wat presies glo ons in verband met die opstanding? En nie net kollektief as 'n groep nie? Wat glo ek en jy persoonlik oor die opstanding na die dood? Is dit iets waaroor ons maar selde dink? Miskien dink ons net daarvoor wanneer ons 'n geliefde aan die dood afstaan. Of dalk juis deesdae wanneer daar net nog een ekstra risiko om ons is. Nog een manier waarop ons van hierdie aardse lewe kan ontnem word.

Die vraag is beïnvloed hierdie siening oor die hiernamaals enigsins ons vandag? Bepaal dit ons oortuigings en uiteindelik ook ons optrede vandag? Dit bring ons by een van die rolspelers in vandag se teksgedeelte, die Sadduseërs. Die Sadduseërs het so 'n sterk siening oor die opstanding en lewe na die dood gehad, dat dit alles wat hulle doen en sê skeef getrek het.

Ons fokus vandag is op die gedeelte waar die Sadduseërs met Jesus argumenteer. En die debat gaan juis oor die lewe na die dood. Hulle kom met 'n strikvraag, waarmee hulle vir Christus wil vasvra. Kom ons luister na Christus se antwoord aan die Sadduseërs, terwyl ons nadink oor ons eie siening oor die lewe na die dood. Daarom vra ons vanoggend vir mekaar in hierdie diens vraag 45 van Sondag 17 van die Heidelbergse Kategismus. Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

## 2. Die Sadduseërs vraagstuk

Wie was die Sadduseërs? Hulle is een van veral twee groepe wat gekant was teen die bediening van Christus in die Nuwe Testament. Soos die Fariseërs was hulle ook skrifgeleerdes en by uitstek vertrouwd en ingestudeer in die wet, of wat ons dan vandag as die Ou Testament erken. Maar wat die groepering Sadduseërs uniek gemaak het onder hulle tydgenote, was 'n totale afkeer in die bonatuurlike. Iets wat nie so vreemd, vir ons vandag in 'n Ateïstiese samelewing is nie.

Hierdie afkeur in die bonatuurlike skep dan veral op twee gebiede probleme en konflik. Die eerste is met die opstanding uit die dood. Die tweede probleem is met engele. Vir die Sadduseërs het hierdie twee bonatuurlike sake nie bestaan nie. En soos leermeesters van die tyd en verskeie akademici vandag nog, was hulle gereed om ander te probeer oortuig van hulle standpunt.

Maar Christus wat 'n boodskap heeltemal in stryd hiermee uitdra. Hy moet anders hanteer word. Hulle plan is om Hom in die openbaar met 'n strikvraag uit te oorlê. As Hy dan nie hierdie vraag kon antwoord nie, sou Hy sy gevolg mos verloor. Vir hierdie strikvraag skep hulle dan 'n scenario. Dit werk soos volg:

Getrou aan die wet verwys die Sadduseërs na die swaershuwelik, soos beskryf in Deuteronomium 25:5 - 10. Dit behels dat 'n swaer met sy broer se vrou moes trou, indien daar nie erfgename gebore is voor die afsterwe van sy boer nie. So het die familienaam, maar veral die familiegrond voort bestaan.

Die Sadduseërs gebruik dan hierdie bepaling in 'n scenario om 'n strikvraag

aan Christus te stel. Die scenario oor die sewe vroue is waarskynlik geïnspireer deur Tobit 3: 7 - 15, 'n apokriewe boek.

Soos met meeste strikvrage, lyk dit of daar omtrent nie 'n antwoord is waarin hierdie Sadduseërs nie hulle sin sal kry nie.

### 3. Onkunde van die skrif

Maar dan antwoord Christus hulle op 'n unieke manier. Dit werk soos volg. Meeste mense kan 'n bietjie kritiek hanteer. Kritiek op die rand van hulle lewe. So is byvoorbeeld nie vir my erg wanneer iemand my reghelp met plant- of dieridentifikasie nie. Want dit is 'n saak wat maar op die rand van my lewe lê. Maar as iemand sê dat ek nie 'n idee het van Teologie nie, dan sal dit sterk emosies uitlok. Want dit is mos my vakgebied waarin ek probeer spesialiseer.

Tog is dit presies die benadering wat Jesus neem met hierdie Sadduseërs. Hy dui die oorsaak vir die dwalinge van die Sadduseërs aan as 'n onkunde van die skrif. Christus antwoord hierdie skrifkenners met die antwoord dat hulle nie die skrif ken nie. En as bewys hiervoor redeneer Hy in ons teksvers dat indien hulle die skrif sou ken, sou hulle ook krag van God ken.

Hierdie benadering van die Sadduseërs is nie so uniek tot hulle tyd nie. Ook vandag nader aan onself sien ons dit. 'n Mens bestudeer die skrif maar kom by 'n gedeelte waar die bonatuurlike krag van God geopenbaar word. Maar jare se leef en kondisionering in die wêreld veroorsaak dat jy dit net nie kan aanvaar nie. So in jou gedagtes verwyder jy daardie gedeelte uit die Skrif.

Dit is juis hierdie manier van dink wat probleme met die opstandig skep. Want as ons nie die Heilige Gees gehoorsaam oor die feit dat Christus uit die dood kon opgestaan en ook opgestaan het nie. Hoe sal ons enige hoop kan hê dat onself uit die dood gaan opstaan?

As die Woord van die Here nie absolute prioriteit en finale sê in ons lewens het nie. Dan land ons vinnig in die posisie van die Sadduseërs. En dan dwaal ons want ons ken nie die skrif en die krag van God nie.

### 4. 'n Heel nuwe dimensie

Maar soos 'n goeie leermeester los Christus nie maar die saak daar nie. Nee, hy stuur nie mense uit mekaar in onkunde nie. Hy onderrig hulle in die waarheid. Die probleem wat die Sadduseërs laat dwaal is hulle probleem met die engele. En miskien is dit een van die gevolge om alles hier om jou te in diepte te bestudeer. Om werklik te diep ingeburger te raak in die tentwoning hier op aarde. Dit oortuig 'n mens later dat niks anders kan bestaan nie. Dat alles maar net altyd sal wees soos dit nou is.

En so 'n oortuiging is ongelowig en onchristelik. Want eerstens moet so oortuiging aanvaar dat alles hier en nou eintlik maar goed is, so goed as wat dit kan kom. Maar die tweede punt is veel erger. Daar moet dan aanvaar word dat Christus nie dinge kom verander het nie. Hierdie Sadduseërs het byvoorbeeld nie gesien dat Christus die wet gaan kom vervul nie. En daarom sal sekere bepalinge, soos bv. met die huwelik wegval. Uiteindelik sal ons sterf en volmaak verlos wees van die sonde in die opstanding.

Dit is hierdie verlossing in Christus wat dinge so verander dat niks weer dieselfde kan wees nie. Daarom wanneer ons oor die opstanding en die hiernamaals dink, moet ons ook so dink. Dit is 'n heel ander dimensie, heeltemal ontnem van die sonde. Iets wat ons nie nou op die aarde onself kan in dink nie. Dit is die plek van Engele en waar mense nie meer in die huwelik tree soos nou nie.

Uiteindelik net omdat ek nie die opstanding en die hemel kan uitlê en verklaar in fynste besonderhede nie, beteken nie dat dit nie bestaan nie. Dit is

juis op hierdie punt waar die geloof wat die Gees in ons gewerk word groter moet wees. Ons vind troos in die feit dat ons 'n betroubare waarborg in die opstanding van Christus het.

Amen

## 5. Slot

Ons kan afsluit vanoggend deur weer te kyk na die vraag: watter invloed het die opstanding op jou lewe vandag. En hierin is die Sadduseërs vir ons 'n goeie voorbeeld. Of eintlik eerder 'n slegte voorbeeld. Want hulle weerstand teen enige iets bonatuurlik, laat hulle uiteindelik die hele punt mis. Hulle volg 'n afgod na en mis uiteindelik die verlossing in ons Here Jesus Christus.

Maar voor ons te vinnig vingers wys, hoe lyk my eie lewe. Is daar nie ook heilige koeie wat nie geslag mag word nie. Dinge en oortuigings wat ek nie bereid is om neer te lê in die lig van God se Woord nie. As die geval is, word die opstanding uit die dood vinnig nog 'n bonatuurlike saak wat op daardie lysie bygevoeg word. En as ek my weer kry is ek soos 'n Sadduseër hart besig om my dwaalleer te probeer regverdig.

Tog is daar steeds die ander weg. Die weg waarop die Gees ons lei. Om in getrouheid die waarheid van die skrif te aanvaar. Om jou hoop en verwagting te punt uit die feit dat daar iets beter voorlê. Dat die opstanding en die ewige lewe by die Here ook my deel is. Want ek is verbonde aan Christus. Daarom het ek ook al vandag die troos dat ek eendag soos Christus uit die dood sal opstaan. Ons sal weggevoer word en ewig in die teenwoordigheid van God leef. En dit is 'n realm wat so heilig is, ons kan nie in aardse denke en redenasie eers uitwerk hoe dit sal wees nie.

Kom troos mekaar vanoggend met die ou Christelike gesegde: Christus het opgestaan, ja waarlik Hy het opgestaan en ons sal ook.